



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

NOVEMBER 2012

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoud, soos in die riglyndokument vervat, gebaseer is:
 - VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG OP DIE VORMING VAN DIE WÊRELD SOOS DIT IN DIE 1960's WAS?
 - USSR/VSA – Skep van belangesfere: Fokus op Kuba
 - VRAAG 2: HOE IS UHURU IN DIE 1960's EN 1970's IN AFRIKA VERWERKLIK?
 - Gevallestudie: Tanzanië
 - VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
 - Fokus 1960's: Burgerregtebewegings in die VSA
 - VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
 - Fokus 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika
2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.
3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.
4. In die beantwoording van vrae behoort die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.
5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys. Die bronne in die addendum is vertaal.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: HOE HET DIE VSA EN DIE USSR TOT DIE KOUE OORLOG-
SPANNING IN KUBA BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Bestudeer Bron 1A.
- 1.1.1 Volgens Uittreksel 1, waar het die VSA militêre basisse opgerig? (2 x 1) (2)
- 1.1.2 Waarom het die Sowjetunie besluit om missiele in Kuba te plaas? (Uittreksel 1) (1 x 2) (2)
- 1.1.3 As 'n historikus, verduidelik tot watter mate die inligting in Uittreksel 1 as eensydig beskou kan word. (1 x 3) (3)
- 1.1.4 Lewer kommentaar daarop of Castro geregverdig was om die USSR toe te laat om missiele in Kuba te plaas. (Uittreksel 2) (2 x 2) (4)
- 1.1.5 Wat, volgens Castro, was die TWEE risiko's waarvoor Kuba te staan gekom het? (Uittreksel 2) (2 x 1) (2)
- 1.2 Verwys na Bron 1B.
- 1.2.1 Watter boodskap dra die hoofopskrif van die koerant oor met betrekking tot die Kubaanse missielkrisis? (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Hoe het *The New York Times* president Kennedy uitgebeeld? (2 x 2) (4)
- 1.2.3 Verduidelik hoe 'n toegewyde Sowjetburger op die hoofopskrif van die koerant sou gereageer het. (2 x 2) (4)
- 1.3 Raadpleeg Bron 1C.
- 1.3.1 Met verwysing na die Kubaanse missielkrisis, omskryf die volgende begrippe in jou eie woorde:
- (a) Koue Oorlog
- (b) Kwarantyn (2 x 2) (4)
- 1.3.2 Wat het daartoe aanleiding gegee dat Khrushchev 'n brief aan Kennedy geskryf het? (Standpunt 1) (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Beskryf hoe Kennedy geantwoord het op Khrushchev se dreigement om 'die nodige en gepaste maatreëls te tref om ons regte te beskerm'. (Standpunt 2) (2 x 2) (4)
- 1.3.4 Nadat jy beide Standpunt 1 en 2 gelees het, verduidelik watter een van die twee leiers jy dink vir die krisis in Kuba verantwoordelik was. (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak beskryf wat die Kubaanse missielkrisis op Khrushchev se politieke loopbaan gehad het. (8)

1.5 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.5.1 OF VRAAG 1.5.2.

1.5.1 Verduidelik hoe die USSR en die VSA tot Koue Oorlog-spanning in Kuba bygedra het. (30)

OF

1.5.2 Die Kubaanse missielkrisis was die naaste wat die wêreld nog aan 'n volskaalse kernoorlog was.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel om jou antwoord te staaf.

(30)
[75]

VRAAG 2: WAT WAS DIE MOONTLIKHEDE EN BEPERKINGS VAN JULIUS NYERERE SE BELEID VAN AFRIKA-SOSIALISME OP TANZANIË IN DIE 1960's?

Bestudeer Bron 2A en 2B en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

- 2.1.1 Gebruik die inligting uit die geskrewe bron en jou eie kennis om die begrip *ujamaa* te definieer. (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Waarom het Nyerere na stedelinge as 'grondparasiete' verwys? (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Watter bewys is daar in die geskrewe bron dat Julius Nyerere teen 'n veelparty demokratiese stelsel gekant was? (1 x 1) (1)
- 2.1.4 Noem EEN gevolg van kolonialisme op die Tanzaniese samelewing. (Geskrewe bron) (1 x 1) (1)
- 2.1.5 Wat kan jy aflei uit die optrede van die mense in hierdie *ujamaa*-dorp? (Visuele bron) (1 x 2) (2)
- 2.1.6 Hoe, dink jy, sou Julius Nyerere gereageer het nadat hy hierdie foto gesien het? (Visuele bron) (2 x 2) (4)
- 2.1.7 Verduidelik of die visuele bron as 'n akkurate beskrywing van die beleid van *ujamaa* beskou kan word. (2 x 2) (4)
- 2.1.8 Vergelyk die geskrewe en visuele bronne. Hoe ondersteun die visuele bron die geskrewe bron met betrekking tot Nyerere se beleid van *ujamaa*? (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

- 2.2.1 Waarom, volgens Shillington, is die beleid van *ujamaa* as 'n teenstrydigheid beskou? (Standpunt 1) (1 x 3) (3)
- 2.2.2 Verduidelik of die kleinboere geregverdig was om die beleid van *ujamaa* teen te staan. (Standpunt 1) (2 x 2) (4)
- 2.2.3 Noem TWEE maniere waarop die beleid van *ujamaa* Tanzanië op 'n nasionale skaal negatief beïnvloed het. (Standpunt 1) (2 x 1) (2)
- 2.2.4 Beskryf op watter maniere Standpunt 2 die beleid van *ujamaa* ondersteun. (2 x 2) (4)
- 2.2.5 Vergelyk Standpunt 1 en 2. Verduidelik hoe hierdie standpunte verskil in hulle assessering van die beleid van *ujamaa*. (2 x 2) (4)

- 2.3 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak verduidelik wat Nyerere se program van hervestiging van mense in nuwe dorpe ('villagisation') op gewone Tanzaniërs gehad het. (8)
- 2.4 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.4.1 OF VRAAG 2.4.2.
- 2.4.1 Bespreek die moontlikhede en beperkings van Nyerere se beleid op Tanzanië gedurende die 1960's en 1970's. (30)
- OF**
- 2.4.2 Julius Nyerere se beleid van Afrika-Sosialisme het Tanzanië polities, maatskaplik en ekonomies getransformeer.
- Is dit 'n akkurate assessering? Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis om hierdie stelling krities te assesser. (30)
[75]

VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET IN DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) NA VORE GEKOM?

Bestudeer Bron 3A, 3B en 3C en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Watter bewyse is daar in die geskrewe bron dat Ruby Doris Smith 'n burgerregte-aktivis wou wees? (2 x 1) (2)
- 3.1.2 In watter opsig was die reaksies van die kassier en die luitenant-goewerneur teenoor Ruby Doris Smith eenders? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Omskryf die begrip *segregasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Verduidelik die boodskappe wat deur dié foto oorgedra word. (Visuele bron) (2 x 2) (4)
- 3.1.5 Nadat jy die visuele bron bestudeer het, lewer kommentaar op die gemoedstemming van die volgende mense:
- (a) Wit Amerikaners wat gestaan het
- (b) Swart en wit aktiviste wat gesit het (2 x 2) (4)
- 3.1.6 Verduidelik in watter opsigte die geskrewe en visuele bronne eenders is met betrekking tot die behandeling van die aktiviste. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

- 3.2.1 Skryf die TWEE strategieë neer wat die Vryheidsryers ('Freedom Riders') gebruik het. (Geskrewe bron) (2 x 1) (2)
- 3.2.2 Lewer kommentaar oor die houding van die FBI en die polisie teenoor die Vryheidsryers in Birmingham. (Geskrewe bron) (1 x 3) (3)
- 3.2.3 Verduidelik hoe die Vryheidsryers sou reageer nadat hulle hierdie foto gesien het. (Visuele bron) (1 x 2) (2)
- 3.2.4 Hoe bevestig die bewyse in die visuele bron dit waarna in die geskrewe bron verwys word met betrekking tot die Vryheidsryers? (2 x 2) (4)
- 3.2.5 Verduidelik die betroubaarheid van die visuele bron vir 'n historikus wat die rol van die Vryheidsryers in die stryd om gelykheid navors. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C en verduidelik hoe dit gebruik kan word om die sukses van die Burgerregtebeweging uit te lig. (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik die inligting in AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die aktiwiteite van die Burgerregtebeweging deur konserwatiewe wit Amerikaners ontwig is. (8)

3.5 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.5.1 OF VRAAG 3.5.2.

3.5.1 Bespreek die verskillende vorme van protes wat burgerregte-aktiviste in die 1960's gebruik het om rassediskriminasie en segregasie in die VSA te beëindig. Gebruik relevante voorbeelde om jou antwoord te ondersteun. (30)

OF

3.5.2 Die goewerneur van Alabama, John Patterson, het beweer dat burgerregte-aktiviste 'dwase is wat verdien om geslaan en doodgemaak te word'.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel waarin jy jou antwoord staaf. Gebruik relevante voorbeelde om jou antwoord te ondersteun.

(30)
[75]

VRAAG 4: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976 BEÏNVLOED?

Bestudeer Bron 4A, 4B, 4C en 4D en beantwoord die vrae wat volg.

- 4.1 Bestudeer Bron 4A.
- 4.1.1 Volgens die bron, wat was die vinnigs groeiende filosofie onder die swart Suid-Afrikaanse jeug? (1 x 1) (1)
- 4.1.2 Verduidelik die term *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 4.1.3 Watter faktore, dink jy, het swart Suid-Afrikaanse studente gemotiveer om van NUSAS weg te breek? (1 x 2) (2)
- 4.1.4 Noem TWEE organisasies wat gestig is om die filosofie van Swart Bewussyn by swart Suid-Afrikaanse studente te vestig. (2 x 1) (2)
- 4.1.5 Verduidelik hoe die filosofie van Swart Bewussyn swart en Kleurling-skoolkinders in 1976 in die Kaap beïnvloed het. (2 x 2) (4)
- 4.2 Verwys na Bron 4B.
- 4.2.1 Die Afrikaanse woord 'skool' is doodgetrek in die spotprent. Gebruik hierdie inligting en jou eie kennis om die boodskappe wat die spotprenttekenaar wou oordra, te verduidelik. (2 x 2) (4)
- 4.2.2 Hoe gebruik die spotprenttekenaar, Berry, die visuele element van die vlam/fakkelt om sy boodskap oor te dra? (2 x 2) (4)
- 4.3 Bestudeer Bron 4A en 4B. Lewer kommentaar oor hoe hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die Soweto-opstande. (2 x 2) (4)
- 4.4 Lees Bron 4C.
- 4.4.1 Verduidelik of, volgens Kleingeld se getuienis, die gebruik van geweld teen ongewapende studente geregverdig was. (2 x 2) (4)
- 4.4.2 Volgens Jon-Jon Mkhonza, wat was die omstandighede waaronder Hector Pieterse geskiet is? (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Verduidelik waarom jy die inligting vervat in Kleingeld se getuienis en Jon-Jon Mkhonza se vertelling as bruikbaar beskou wanneer die geskiedenis van die Soweto-opstande nagevors word. (2 x 2) (4)

- 4.5 Lees Bron 4D.
- 4.5.1 Waarom, dink jy, het die studente van Soweto protesaksie onderneem? (1 x 2) (2)
- 4.5.2 Biko het gesê dat daar 'werklike vrees in die gemeenskap regdeur die land was'. Verduidelik tot watter mate dit 'n akkurate beskrywing was van hoe die meeste wit Suid-Afrikaners gevoel het. (1 x 2) (2)
- 4.6 Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die verskillende maatreëls te verduidelik wat die apartheidsregering ingestel het om die invloed van die Swartbewussynsbeweging te beperk. (8)
- 4.7 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.7.1 OF VRAAG 4.7.2.
- 4.7.1 Verduidelik hoe die filosofie van Swart Bewussyn die Soweto-opstande van 1976 beïnvloed het. (30)
- OF**
- 4.7.2 John Kane-Berman het gesê dat ' 'n nuwe geslag grootgeword het en dat hierdie jong mans en vroue ongeduldig, radikaal, militant, dapper en trots is'.
- Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te staaf. (30)
- [75]**
- TOTAAL: 150**